UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING

Hessequa Munisipaliteit
en
Universiteit Stellenbosch

Ter erkenning daarvan

Dat Hessequa Munisipaliteit bestaan uit die komponentdorpe Riversdal, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Slangrivier en Albertinia;

Dat Hessequa Munisipaliteit geseën is met baie voordele, soos die ligging daarvan langs die N2 wat die Tuinroete en Kaapstad verbind, die gematigde klimaat en natuurlike skoonheid en die lewendige en gevarieerde gemeenskappe; maar ook die belang daarvan as 'n plek van hulde vir die hele mensdom op grond van argeologiese en genetiese navorsing wat die opkoms van die moderne mens, wat abstrak kan dink, onmiskenbaar verbind met Afrika;

Dat die ontdekkings by Blombos en Pinnacle Point hierdie gebied aangewys het as die "Tuin van Eden" want dit is slegs hier in hierdie unieke mikrohabitat waar die mens gedurende die laaste ystyd op die fauna en flora kon oorleef;

Dat die Hessequa Munisipaliteit 'n "groen Visie" oor 20 jaar heen aanvaar het om te verseker dat die gebied sy status as die streek met die langste rekord van volhoubare gebruik van die hulpbronne op ons planeet sal behou;

Dat die Hessequa Munisipaliteit vele uitdagings in die gesig staar:- dit is die verenigde produk van 6 voorheen onafhanklike munisipaliteite en het nou 12 nedersettings met inbegrip van 6 dorpe, wat elk sy eie afsonderlike infrastruktuurstelsel het. Die uitdagings sluit in erfenisse van die verlede, uitgestelde instandhouding, dringende sosio-ekonomiese probleme, infrastruktuuragterstande, ekologiese probleme en groot ongelykhede tussen die rykes en die armes; en

Dat die Universiteit Stellenbosch, met sy omvattende kennisbasis, sy visie om 'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing te wees, sy soeke na groter toepaslikheid, sy verbintenis tot landelike ontwikkeling deur sy HOOP-projek en sy fokus op studente se sukses en die bevordering van diversiteit en volhoubaarheid, 'n sleutelrol sal speel by die ontwikkeling van menslike potensiaal in Hessequa en die ontwikkeling van 'n volhoubare ontwikkeling- en bestuurstrategie vir die streek;

spreek Hessequa Munisipaliteit en die Universiteit Stellenbosch hiermee hulle verstandhouding uit

Dat hulle gesamentlik sal werk om 'n beter lewe vir die inwoners van Hessequa Munisipaliteit te bewerkstellig, en gesamentlik sal werk sodat Hessequa sy verantwoordelikheid om die uitdagings waarvoor dit te staan kom die hoof te bied, kan nakom;

Dat die samewerking onder die beskerming van die Rektor en Visekansellier van die Universiteit en die Uitvoerende Burgemeester van Hessequa onderneem sal word sodat Hessequa in staat sal wees om sy verantwoordelikhede en uitdagings te aanvaar;

Dat die aanpak van Hessequa se probleme en optimalisering van sy geleenthede die beste kan geskied deur aanvaarding van die kernbeginsel van volhoubaarheid op alle werkterreine, hetsy opvoedkundig, sosiaal, ekonomies, tegnologies, infrastruktureel of ekologies; en

Dat hulle internasionale interaksie en inisiatiewe tot hulle wedersydse voordeel sal nastreef.

Met inagneming van die visie van Hessequa Munisipaliteit as 'n volhoubare "groen" munisipaliteit en sy missie van "Herwinning van Eden", gebaseer op die onderstaande rigsnoere:

- Bevrediging van fundamentele menslike behoeftes;
- Beskerming en handhawing van alle ekostelsels en riviere in die besonder;
- Werkskepping deur ekonomiese ontwikkeling en beleggingstrategieë;
- Inkorporering van biofisiese en ekologiese perke by beplanning en besluitneming;
- Bewaring en volhoubare gebruik van biodiversiteit en ander natuurlike hulpbronne;
- Volhoubare bestaan binne vreedsame ekonomies lewensvatbare gemeenskappe;
- Herkenning van die ingeskape kulturele skoonheid en geestelik helende waarde van die natuur vir almal;
- Aanvaarding van die voorsorgbeginsel by besluitneming;
- Internalisering van omgewings- en maatskaplike koste by die ontwerp en werking van produksie- en verbruikstelsels;
- Samewerkende regering deur vertikale en horisontale koördinasie;
- Bevordering van vennootskappe;
- Bevordering van toegang tot inligting, deursigtigheid, en aanspreeklikheid;
- Bemagtigde deelname deur die burgerlike samelewing
- Bevordering van omgewings-, maatskaplike en ekonomiese regverdigheid;
- Bevordering van opvoeding en kapasiteitsbou vir volhoubare ontwikkeling
- Plasing van volhoubaarheidsbeginsels in die hoofstroom in alle beleide, planne en besluitneming;

is Hessequa Munisipaliteit se spesifieke doelstellings wat teen 2020 bereik moet word:

- Om energie-"neutraal" te wees;
- Om 'n samelewing te wees sonder enige vermorsing wat herwin, hergebruik en waarde toevoeg tot afval;
- Om volhoubare, geïntegreerde menslike nedersettings met 'n lae koolstofvoetspoor te bou; en
- Om alle riviere en ekostelsels te herstel, te beskerm en te bestuur ten einde watersekerheid te verseker.
- Om menslike potensiaal te ontwikkel en 'n deernisvolle, dinamiese en ten volle geïntegreerde samelewing te bevorder deur onderwys-, sosiale- en kulturele programme.

Hessequa Munisipaliteit en die Universiteit Stellenbosch kom ooreen

Om hierdie visie en missie op samewerkende wyse na te streef deur voortsetting en formalisering van samewerking binne hulle onderskeie strukture;

Om op 'n onpartydige wyse met plaaslike sakeondernemings en bedrywe, en met nieregerings-, onderwys- en gemeenskapsorganisasies ten opsigte van volhoubare plaaslike ekonomiese ontwikkeling saam te werk;

Om uit die intellektuele kapitaal beskikbaar in die Universiteit en uit die burgerlike infrastruktuur van die Munisipaliteit te put ten opsigte van kapasiteitsbou en aandag aan die ontwikkelingsbehoeftes van die Munisipaliteit;

Om gesamentlike projekte wat benodig word en uitvoerbaar is, in die lewe te roep; welke inisiatiewe deel sal uitmaak van 'n essensiële deel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van Hessequa Munisipaliteit; en

Dat die aanvanklike fokusgebiede sal wees om *ontwikkeling- en bestuurstrategieë en implementeringsplanne* ten opsigte van *volhoubare energie, afval en sanitasie*, en *water* te ontwikkel in samewerking met die onderskeie belanghebbendes en strategiese vennote om die onderbou vir 'n volhoubare munisipale ontwikkelingsraamwerk en strategie te verskaf.

Prof H Russel Botman
Rektor en Visekanselier / Rector and Vice-Chancellor
Universiteit Stellenbosch / Stellenbosch University

5 Desember 2011 / 5 December 2011

Raadslid Emor Nel
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor:
Hessequa Munisipaliteit / Hessequa Municipality

Memorandum van Verstandhouding

MEMORANDUM OF UNDERSTANDING

Hessequa Municipality
and
Stellenbosch University

Recognising

That Hessequa Municipality consists of the component towns of Riversdale, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Slangrivier and Albertinia;

That Hessequa Municipality is blessed with many advantages, such as its location along the N2 which links the Garden Route and Cape Town, its temperate climate and natural beauty and its vibrant and diverse communities; but also its importance as a place of homage for all of mankind due to archaeological and genetic research which has unequivocally linked the emergence of modern man, able to think abstractly, with Africa;

That the discoveries at Blombos and Pinnacle Point has identified this area as the "Garden of Eden" because it is only here in this unique micro habitat that man was able to survive on the fauna and flora during the last ice age;

That the Hessequa Municipality has adopted a 20 year "green Vision" to ensure that the area will retain its status as the region with the longest record of sustainable use of its resources on our planet;

That the Hessequa Municipality is faced with many challenges:- it is the amalgamated product of 6 previously independent municipalities and now has 12 settlements including 6 towns, each of which have its own separate set of infrastructure. The challenges include legacies of the past, deferred maintenance, pressing socio-economic problems, infrastructure backlogs, ecological problems, and great disparities between the wealthy and the poor;

That Stellenbosch University, with its extensive knowledge base, its vision to be an active role player in the development of South African society, its quest for greater relevance, its commitment to rural development through its HOPE Project and its focus on student success and the promotion of diversity and sustainability, will play a key role in the development of human potential in Hessequa and the development of a sustainable development and management strategy for the region.

Hessequa Municipality and Stellenbosch University herewith express their understanding

That they will work jointly towards a better life for the inhabitants of Hessequa Municipality, and work jointly so that Hessequa can meet its responsibility to address the challenges it faces;

That the collaboration under the auspices of the Rector and Vice-Chancellor of the University and the Executive Mayor of Hessequa will be undertaken so that Hessequa will be able to address its responsibilities and challenges;

That addressing the problems and optimising the opportunities of Hessequa can best be done by adopting the core principle of sustainability in all spheres of activity, whether educational, social, economic, technological, infrastructural or ecological; and

That they will pursue international interaction and initiatives to their mutual benefit.

Taking into account the vision of Hessequa Municipality, as a sustainable "Green" municipality and its mission of "Reclaiming Eden", based on the following guiding principles:

- Satisfaction of fundamental human needs;
- Protection and maintenance of all ecosystems and rivers in particular;
- Job creation through economic development and investment strategies;
- Incorporation of biophysical and ecological limits in planning and decision-making;
- Conservation and sustainable use of biodiversity and other natural resources;
- Sustainable living within peaceful economically viable communities;
- Recognition of the innate cultural beauty and spirituall healing value of nature for all;
- Adoption of the precautionary principle in decision-making;
- Internalisation of environmental and social costs in the design and operation of production and consumption systems;
- Co-operative governance through vertical and horizontal co-ordination;
- Promotion of partnerships;
- Promotion of access to information, transparency, and accountability;
- Empowered participation by civil society;
- Promotion of environmental, social and economic justice;
- Promotion of education and capacity building for sustainable development; and
- Mainstreaming of sustainability principles into all policies, plans and decision-making;

Hessequa Municipality's specific targets to be achieved by 2020 are:

- To be energy "neutral";
- To be a zero-waste society which recycles, re-use and add value to waste;
- To build sustainable integrated human settlements with a low carbon footprint; and
- To restore, protect and manage all rivers and ecosystems to ensure water security.
- To develop human potential and foster a caring, vibrant and fully integrated society through educational, social and cultural programmes.

Hessequa Municipality and Stellenbosch University agree

To pursue this vision and mission collaboratively through continuing and formalising cooperation within their respective structures;

To work in a non-partisan manner with local business and industry, and with non-governmental, educational and community organisations towards sustainable local economic development;

To draw on the intellectual capital available in the University and on the civic infrastructure of the Municipality in capacity-building and addressing the development needs of the Municipality;

To set up joint projects that are required and feasible; these initiatives will form an integral part of the Integrated Development Plan (IDP) of Hessequa Municipality; and

That the initial focus areas will be to develop *development and management strategies and implementation plans* in respect of *sustainable energy; waste and sanitation*; and *water*; in conjunction with the various stakeholders and strategic partners to underpin a sustainable municipal development framework and strategy.

Memorandum of Understanding